## FOOI – OOREENKOMS NATUURLIKE PERSOON

AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

**NAAM & VAN:** ______________________________________________

**IDENTITEITSNOMMER:** ________________________________________ **"KLIËNT"**

**EN**

**DISPUUTDIENSTE (REG NO. 2017/411250/07)** **"DISPUUTDIENSTE"**

DIE KLIËNT VERKLAAR SOOS VOLG:

1. Dat hy besluit het om van ESKOM HOLDINGS (SOC) LTD (hierna "ESKOM"), enige en alle onregmatige gehefte tariewe en/of heffings van welke aard ookal wat teen maandelikse elektrisiteitsrekeninge gedebiteer was ten aansien van huidige en afgelope ooreenkomste tussen KLIËNT en ESKOM, waarvoor die KLIËNT vir betaling aanspreeklik was, in dispuut te plaas en terug te eis.

2. Dat hy onwillig is om:
   - 2.1 enige risiko van welke aard ookal in die afdwinging van my eise teen Eskom te dra;
   - 2.2 regskostes aan te gaan ten einde eise af te dwing;
   - 2.3 in enige litigasie betrokke te raak;
   - 2.4 die kwantum van die eis te bepaal, in dispuut te plaas , te eis en te finaliseer.

3. Dat hy besluit het om met DISPUUTDIENSTE 'n ooreenkoms aan te gaan om onvoorwaardelik vyftig persent (50%) van die bedrag in dispuut geplaas, te betaal as vergoeding vir dienste gelewer, risiko's gedra, litigasie en ander kostes aangegaan, ens., op die basis van **geen-sukses-geen-fooi** onderworpe aan (i) die betaling van 'n fooi aan AGRI NW vir bestuurs- en administratiewe dienste, en (ii) die ondertekening van 'n sekerheidsessie ten gunste van DISPUUTDIENSTE ten einde betaling van fooie te verseker. KLIËNT is geregtig as 'n terugvallingsreg, op 50% van die bedrag in dispuut geplaas en teruggevorder.

4. Dat hy geen waarborg van welke aard ookal aan DISPUUTDIENSTE vir die geldigheid van die eis verskaf nie en ook nie verantwoordelik is vir enige verlies gely of kostes aangegaan met die afdwinging van die eis nie.

5. Dat hy besluit het om 'n sekerheidsessie ooreenkoms met DISPUUTDIENSTE aan te gaan ten einde betaling van vergoeding op die basis van **geen-fooi-geen-sukses** te verseker beperk tot die rekening oorhandig aan DISPUUTDIENSTE vir bestryding.

6. Dat hy bewus is van die feit dat die sekerheidsessie regtens verseker dat KLIËNT in geen hofsaak betrokke sal raak nie, dat KLIËNT se naam op geen hofdokument sal verskyn nie, derhalwe ook nie vir enige hofkostes aanspreeklik gehou kan word deur DISPUUTDIENSE, ESKOM of enige ander party in enige hofgeding nie.

7. Dat hy waarborg dat hy 'n regsbelang in die eis het en handelingsbevoegd is om hierdie ooreenkoms aan te gaan.

8. Dat hy bewus is dat hy aan DISPUUTDIENSTE leesbare afskrifte moet verskaf van die rekening(e) wat hy in dispuut plaas. Sou KLIËNT nie die rekeninge verskaf nie, mag DISPUUTDIENSTE afskrifte van ESKOM versoek. 'n Fooi van nie meer as 2,5% (twee komma vyf persent) mag dan as kostes van KLIËNT verhaal word deur verrekening teen KLIËNT se terugvallingsbedrag op die verhaalde bedrae in dispuut geplaas.

9. Dat hy bewus is dat hy te goeder trou moet optree en alle relevante en wesentlike feite wat op die dispuut betrekking het, aan DISPUUTDIENSTE moet openbaar.

10. Dat hy instem dat enige wysiging aan hierdie ooreenkoms slegs geldig is indien beide partye die wysiging skriftelik aanvaar en onderteken het.

11. KLIËNT onderneem onvoorwaardelik om homself/haarself daarvan te weerhou om op eie inisiatief Eskom te nader of om te reageer op enige Eskom brief, oproep of uitnodiging wat daarop gemik is om die dispuut te bespreek, te onderhandel of te skik. Indien die KLIËNT teenstrydig met hierdie onderneming optree doen hy dit op eie risiko en aanvaar DISPUUTDIENSTE geen verantwoordelikheid nie

12. Dat hy hierby die versekering gee dat hy die betekenis en strekking van hierdie ooreenkoms begryp.

**GETEKEN TE ...................................................... OP** ........................................

____________________________________

HANDTEKENING: KLIËNT

**AANVAARDING**

AANVAAR EN GETEKEN TE ZEERUST OP ................................

____________________________________

HANDTEKENING: PP DISPUUTDIENSTE